

PREEKSKETS: Matteus 3:1–17

Christus verbind Homself tot ons Verlossing!

Die goeie nuus vir my en jou is: Jesus het Homself daartoe verbind om alles te doen sodat ons verlos kan word. Dit is *“In daardie tyd”* waar die spanning en afwagting breekpunt bereik het. Die volk en die kerkleiers was rondom Johannes die Doper saamgetrek en ALMAL was in afwagting.

Dis dan wat ons lees dat Jesus ook nader gestaan het om deur Johannes gedoop te word en wat Jesus vir die huiwerende Johannes die Doper sê: *“Laat dit nou toe, want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul”* (NDV). JESUS SE DOOP MOET REG VERSTAAN WORD.

Reeds na sy geboorte het Jesus Homself met sy besnydenis gewilliglik onder die Wet gestel (Luk. 2:21; volgens Gal. 4:4). As Jesus 30 jaar later toetree om deur Johannes die Doper ook gedoop te word, dan is die rede wat Hy gee van uiterste belang. Jesus se besnyding kon tog nie daarop gewys het dat sy sonde deur bloed verwyder moet word nie. Ook kon sy doop nie daarop gewys het dat sy sonde afgewas word nie.....

Met Jesus se doop tree Hy tot sy amptelike bediening as Hoëpriester wat die volmaakte offer aan die kruis gaan bring toe. En as gehoorsame Seun, van babatyd af, kom Hy ook die Vader se OT'se voorskrifte deur Homself met water te reinig vir sy diens aan God na (Lev. 4:3; Num. 8:5-7).

Vanaf daardie oomblik het sy bediening as Verlosser amptelik begin en daarom sê Hy vir Johannes: *“Laat dit nou toe, want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul”*. (NDV)

Hier is die wonderlikste nuus ooit vir my en jou. Aan die begin van sy bediening as Verlosser onderneem Jesus om ALLES te doen, SODAT jy/ek deur 'n ware geloof kinders van God kan wees. Aan die kruis het Hy ons van alle sondeskuld vry gemaak en vandag werk Hy deur sy Gees in ons harte om ons elke dag te vernuwe, meer en meer vry te maak van die sonde wat nog in ons heers.

Vanaf daardie oomblik het die Heilige Gees op 'n baie besondere manier dié Dryfkrag geword waarmee Jesus sy hele bediening doen. EN DIE VADER? Vanuit die hemel praat die Vader sodat almal kan hoor. In iets wat nog nooit gebeur het nie, hoor elke mens en elke hemelwese... engel of duiwel: *“Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.”* Met hierdie woorde word God se belofte in Jes. 42:1 waar. Jesus is die Verlosser wat van God kom. Daar is vir die mens geen ander Naam gegee deur wie ons verlos kan word nie.

Deur die eeue werk die Vader, Seun en Gees as heilige Drie-eenheid saam en doen hulle alles sodat elke uitverkore kind van God tot geloof in Jesus kan kom.

VIR VERDERE OORDENKING BY DIE ONTDEKSGROEPE

1. Johannes die Doper se prediking het gepaard gegaan met die woorde: *“Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”*
 - 1.1. Wat sou so 'n bekeringsdoop in die praktyk beteken het?
 - 1.2. Sou dit vir Jesus nodig gewees het om tot bekering te kom?
 - 1.3. Kan ons, ons doop sommer net so eenvoudig met Jesus se doop vergelyk?
2. Al vier evangeliste beskryf die doop van Jesus en plaas dit heel aan die begin van sy bediening. Lees Lev. 4:3 en Num. 8:5-7 en bespreek waarop Jesus se doop wys.
3. Heel aan die begin van Jesus se amptelike bediening, is die Vader en die Heilige Gees sigbaar en hoorbaar teenwoordig. Watter betekenis gee dit aan ons Verlossing?
4. Lees Jes. 42:1. Wat beteken dit vir jou dat die Vader sy woorde by die doop van Jesus reeds in die OT gehoor kan word?